Donderdag 10 Desember
Skrifgedeelte: Psalm 85:1-13
Fokusgedeelte: Psalm 85:10 (AFR33/53)

## Verlossing is vir dié wat die Here vrees!

In hierdie psalm word God se lof besing vir geestelike en morele herstel wat Hy aan die volk gebring het op een of ander tyd in hulle geskiedenis. Hulle het egter weer afvallig geraak en nou bid die psalmdigter weer vir die volk se herstel. Hy weet egter dat die oordeel van die Here weer oor hulle sal kom indien die volk sou terugkeer na hulle dwaasheid. Dit word daarom duidelik gestel dat ware verlossing net moontlik is vir dié wat die Here vrees.

In ’n Bybelse konteks beteken “vrees vir God” nie om vir God bang te wees nie, maar eerder ’n eerbiedige ontsag en respek wat lei tot gehoorsaamheid en ’n begeerte om Hom te behaag. Dit sluit ’n diepgaande begrip van God se heiligheid en geregtigheid in. Dit behels ook die erkenning van sy krag en gesag, en ons moet reageer hierop met nederigheid en toewyding. Hierdie vrees motiveer gelowiges om in ooreenstemming met God se wil te lewe en ook om sonde te vermy.

Hierdie vrees moet ons aanleer (Spr. 2:5), maar dit is ook ’n werk van genade wat God in ons moet werk deur die Heilige Gees. Slegs Hy kan die hart van die mens buig om respek, eerbied en ontsag vir God te hê. Dit is wat ons sal weerhou van ’n dwase lewe en dan sal ons die seëninge van die Here geniet. Ons sal dit hier op aarde in sekere mates geniet, maar een dag sal ons dit volkome geniet, wanneer God se koninkryk in sy volheid oor die hele aarde gevestig sal word. Dan sal die hele aarde vol van sy heerlikheid wees. Nooit weer sal ons na dwaasheid terugkeer nie.

*Sing: Psalm 85-1:3*

*Ds. R (Reghard) Janse van Rensburg (Keetmanshoop/Mariental)*